Sakkie Parsons E-Pos Bediening

Webtuiste. www.sakkieparsons.co.za

E-pos:sparsons@absamail.co.za

Sel: 083 457 6669

Aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.

Iemand skryf en vra my: Hoe sien en verstaan ek die verskynsel in baie Christelike gemeentes, wat ek hier "val in die gees", sal noem. Die Engelse praat van "slain in the Spirit."

Jy weet mos, daar is mense wat daarin spesialiseer, om dit so te stel, om vir mense te bid, dan val die mense om.

Of, om hulle hand of hande op die persoon te lê, dan val die persoon om. Of, hulle hand of hande in iemand se rigting uit te steek, dan val die persoon om.

Dan ja, daar is selfs diegene wat aan die persoon stoot om die persoon te laat omval en nee, ek weet nie hoekom daar aan iemand gestoot moet word sodat die persoon moet omval nie. Ek vermoed dat die persoon wat aan iemand stoot sodat die persoon dan moet omval, se krag, of wat hy dit ookal noem, nie sterk genoeg is om jou te laat val nie en dat die krag dan so 'n bietjie hulp nodig het.

Oor laasgenoemde het ek al heelparty mense gekry wat aan my geskryf het en by my wou weet, waarom, toe hulle uitgegaan het vir gebed, die profeet/herder, of wat hy homself ook al genoem het, hulle probeer omstoot het. Weet jy, nie eens Jesus het hierdie soort ding gedoen nie.

As Jesus Sy hand na iemand uitgesteek het, het die persoon nooit geval nie. Inteendeel, in baie gevalle was dit juis om die persoon op die voete te help.

MRK 9:27 *"Maar Jesus het hom by die hand gegryp en hom opgerig; en hy het opgestaan."*

MAT 9:25 *"En nadat die skare uitgedryf was, het Hy ingegaan en haar hand gegryp; en die dogtertjie het opgestaan."*

Die persoon wat aan my geskryf het, het my, my opinie oor hierdie soort ding gevra.

So, wat dink ek daarvan?

Ek kan my baie sterk uitdruk, maar ek gaan myself so sag as wat dit vir my moontlik is uitdruk en sê dat, soos ek die Woord verstaan, is dit nie Bybels nie.

Sover my kennis strek, is daar nie gevalle in die Woord waar iemand van een van bogenoemde metodes gebruik gemaak het, en ‘n persoon toe omgeval het nie. So, waar hulle dit vandaan kry om te doen, weet ek nie, maar een ding is seker, hulle kry dit nie in die Woord nie.

Ek vermoed iemand het êrens gedeeltes soos byvoorbeeld die volgende uit die Woord gebruik naamlik: **Ese 1:28, Dan 8:18, Dan 10:9, Mat 17:6, Han 9:4 en Opg 1:17.**

Ek kwoteer vir jou, soos my gewoonte is, net twee, die ander kan jy op jou gemak self gaan lees.

DAN 8:18 ”*En terwyl hy met my spreek, het ek bewusteloos met my aangesig op die grond geval; toe het hy my aangeroer en my op my staanplek opgerig*.”

Vervolgens my groot held Paulus, se geval:

HAN 9:4 “...*en hy val op die grond en hoor ‘n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My*?”

Die naaste wat ek persoonlik aan hierdie soort buite-Bybelse optrede kan kom, en dit is omtrent so ver soos wat die ooste verwyderd is van die weste, is die volgende:

HAN 19:6 “*En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer*.”

My vermoede is dat, soos ek reeds genoem het, iemand êrens soortgelyke gedeeltes uit die Woord geneem en ander gedeeltes uit die Woord soos die volgende, daarnaas geplaas het:

HAN 10:44 “*En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het.*”

HAN 11:15 “*En toe ek begin spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin*.“

Ek sê maar weer soos ek gesê het. Iemand het ‘n paar teksgedeeltes soos byvoorbeeld bogenoemde geneem, dit bymekaar gesit en buite konteks begin gebruik en ‘n ander soort evangelie begin verkondig, wat nie in die Woord te vinde is nie.

In die eerste gedeeltes wat ek hier aangehaal het, het die persone iets heilig, Fisies sigbaar ervaar, wat hulle heeltemal oorweldig het.

Daar was geen sprake van ‘n ander mens wat met hand/hande of wat ook al ‘n instrument was nie.

In die tweede geval van gedeeltes uit die Woord wat ek aangehaal het, het die

Heilige Gees oor die mense gekom en is daar hoegenaamd geen getuienis dat Die mense geval het nie.
Voeg die twee soorte gebeure uit die Woord bymekaar, bring satan in die prentjie om iemand, êrens, se verbeelding te manipuleer. Voeg daarby ‘n klompie sensasie predikers, plus ‘n paar opregte, maar oorywerige, nie so goed ingeligte herders en siedaar, jy het ‘n evangelie maar nie “die Evangelie” nie.

Omdat ek van die mense ken wat al so omgeval het, is daar by my min twyfel dat baie mense so omval sonder dat hulle self beheer het oor wat gebeur.

So, hulle val deur iets buite hulle beheer. Iets soos ‘n soort massa histerie, of wat jy dit ook al wil noem, maar nie volgens wat ek in die Woord sien, as gevolg van die Heilige Gees nie.

Ek probeer na die beste van my vermoë naby dit wat in die Woord vir ons geskryf is, lewe en ek probeer ook na die beste van my vermoë na die Heilige Gees wat in my woon, se Stem luister en ek wil graag voorstel dat jy dieselfde doen. Want, elke kind van ons Here, het die Heilige Gees inwonend in haar/hom. Ons luister net nie altyd na die Gees, soos wat ons behoort te luister nie:

ROM 8:9 *“Julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.”*

1KOR 6:19 *“Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?*
1KOR 6:20 *Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort*.

Moet net nie jou ore uitleen aan mense wat dinge verkondig wat nie in die Woord voorkom nie. Die Heilige Gees wat in jou en my woon, deel ons ons gawes uit, soos Hy wil:

1KOR 12:4 *“Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees;*
1KOR 12:5 *en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here;*
1KOR 12:6 *en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk.*
1KOR 12:7 *Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.*
1KOR 12:8 *Want aan die een word deur die Gees ‘n woord van wysheid gegee, en aan die ander ‘n woord van kennis vanweë dieselfde Gees;*
1KOR 12:9 *aan ‘n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan ‘n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees;*
1KOR 12:10 *aan ‘n ander werkinge van kragte, aan ‘n ander profesie, aan ‘n ander onderskeiding van die geeste, aan ‘n ander allerhande tale, aan ‘n ander uitleg van tale.*

1KOR 12:11 *Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil."*

Kom laat jy en ek dit, waarmee die Heilige Gees ons geseën het, uitlewe, terwyl ons al die tyd die vrugte van die Heilige Gees dra:

GAL 5:22 "*Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing*."

Laat ons veral in die tyd waarin ons lewe, daarteen waak dat die volgende uit die Woord, nie dalk op ons van toepassing gemaak kan word nie:

2KOR 11:3 *"Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus.*
2KOR 11:4 *Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval."*

Ek luister en kyk so om my rond na al die dinge, goete en foefies wat deur satan en sy helpers die kerk ingesmokkel word, en ek roep uit soos my groot held Paulus ook by geleentheid uitgeroep het:

GAL 1:6 *"Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe,*
GAL 1:7 *terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai.*
GAL 1:8 *Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!*
GAL 1:9 *Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees!"*

Ek wil by jou pleit. As jy iets êrens teekom wat nie in die Woord te vinde is nie, jy die volgende uit die Woord op jouself van toepassing sal maak:

1TIM 6:11 *Maar jy, man (*vrou*) van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid.*
1TIM 6:12 *Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het.*

Ten slotte wys ek jou net weer op iets uit die Woord, wat ek reeds in hierdie skrywe uitgelig het - Die Heilige Gees werk in en deur ons, soos wat ons dit in die Woord vind, dat Hy in en deur die eerste Christene gewerk het en dit wat Hy in en deur ons werk is altyd nuttig:

1KOR 12:7 "Maar *aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.*"

Judas 1:24-25 *„Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor Sy heerlikheid te stel met gejuig,* ***25.*** *aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou tot in alle ewigheid! Amen."*

Groete
Sakkie

Indien u hierdie e-pos lees en wel gereelde e-pos van my wil ontvang, stuur asseblief u volle e-pos adres in die "subject box" na e-pos: sparsons@absamail.co.za

Moet asseblief nie 'n leë e-pos stuur nie.

Aangesien ek blind is en gebruik maak van 'n sagteware program waar die rekenaar met my praat, sal ek nie weet of dit 'n foto of leë e-pos is wat ek ontvang nie. In albei gevalle sal my rekenaar net stil bly.